# HOOFSTUK TWEE

## DIE 1918-GRIEPEPIDEMIE[1] AS STUKRAG VIR SWART DORPS-ONTWIKKELING

### 2.1 SAAIER VAN DIE DOOD

Die Spaanse Griepepidemie van 1918 het dood en tragedie in menige Suid-Afrikaanse huishoudings tot gevolg gehad. Tog sou dit die gebeurtenis wees wat swart dorpsontwikkeling in die Schweizer-Reneke-gebied opnuut geaktiveer het.

Daar was twee vlae van die Spaanse Griepepidemie soos dit deur die land beweeg het. Die eerste vlaag was minder ernstig van aard. Dit het moontlik vanaf Durban deur Natal en na dele van Transvaal - veral die Witwatersrand - versprei. Die daaropvolgende vlaag het vinnig vanaf die Kaap na die westelike gebiede van die Vrystaat en Wes-Transvaal, wat Schweizer-Reneke ingesluit het, uitgebrei.[2] Die tweede uitbreek van die griepepidemie het waarskynlik ontwikkel as gevolg van die feit dat daar 'n nuwe subtipe van die virus ontstaan het waarteen daar nie 'n immuniteit was nie. Verder was die pneumatiese komplikasies[3] wat veral by pasiënte gedurende die tweede griepepidemie ingetree het, meestal noodlottig.[4]

As gevolg van die aansteeklikheid van die griep was die Dorpsraad van Schweizer-Reneke genoodsaak om drastiese gesondheidsmaatreëls in die dorp en swart woongebied te tref. Die lokasie-inwoners is deur die Raad versoek om "zoveel mogenlik in die lokasie te blywen en niet na het dorp te komen". Huise in die swart woongebied is ook deur die dorpsopsigter van Schweizer-

---

1 Die Spaanse Griepepidemie (of Groot Griepepidemie) het kort na die Eerste Wêreldoorlog in Europa uitgebreek. Dit het vinnig oor die hele wêreld versprei. In Suid-Afrika het die griep alle kultuurgroepe geraak. So was dit byvoorbeeld bekend as die Kaffersiekte, die Witman se siekte en selfs Kakiepes. Laasgenoemde benaming het ontstaan omdat daar destyds gemeen is dat "Kakiekaffers" dit hierheen gebring het. Kyk H. Phillips, **"Black October": the impact of the Spanish influenza epidemic of 1918 on South Africa**, p. 131.

2 H. Philips, **"Black October": ...**, p. 127.

3 Die pneumatiese komplikasies wat as gevolg van die griep ingetree het, het as inflammasie van die bors of brongitis bekend gestaan. Kyk Griepepidemie (SGE), Mondelinge mededeling, B. van Wyk/S.J. Bester, 18.12.1995.

4 A.S. Evans (red.), **The viral infections of humans**, p. 386.



'n Spotprent deur D.C. Boonzaaier wat die verskrikking van die Spaanse Griepepidemie uitbeeld (**Bron**: **De Burger**, 16 Oktober 1918)

Reneke ontsmet.[5]

Ten spyte van die voorsorg was die sterftes van die Bloemhofdistrik, wat Schweizer-Reneke ingesluit het, naas die Pietersburg- en Lydenburgdistrik, van die hoogste in die eertydse Transvaal. Van die totale distriksbevolking van 21 208 is 788 sterfgevalle aangemeld. Dit was 36,12% van die distrik se bevolking.[6]

Ten tyde van die epidemie was Schweizer-Reneke se hospitaal nog in Cronjestraat geleë.[7] Twee distriksgeneeshere, naamlik dr. J.C. Pearson, en dr. W. Alexander, was daar werksaam. Hulle is deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke versoek om die siekes van die swart dorp wat nie vir behandeling kon betaal nie, gratis te behandel.[8]

Van die medisyne wat vir selfmedikasie vir die griep gebruik is, het gekom van kruie en plante wat in die veld gevind is. Hiervan was wynruit en "lengana" voorbeelde. Laasgenoemde is 'n vaalgroen plant met klein fyn blare. Hierdie plante is gekook en net soos tee getrek en gedrink om te help vir die koors wat met die griep gepaard gegaan het.[9]

Van die meer onkonvensionele rate was dat die warm vars pensmis van 'n pas geslagte bok in 'n stuk lap toegedraai en op die pasiënt se bors geplaas is "om die imflemasie uit te trek".[10] Vir die koors wat met die griep gepaard gegaan het, het die versorgers van grieplyers byvoorbeeld bokmis gekook en getrek. Die pasiënt moes dan die treksel drink.[11]

Die Spaanse Griepepidemie het maklik onder die bewoners versprei.[12] In die lokasie is die beknopte toestande vererger deurdat groot- en kleinvee, donkies sowel as varke en honde, toegelaat is om los rond te beweeg.[13] Hierdie toestand het saam met die onvoldoende verskaffing van en gebrek aan basiese dienste soos watervoorsiening en sanitasie deel gehad aan die swak lewensomstandighede

---

5 Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Argief van die Munisipaliteit van Schweizer-Reneke (MSR), 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 19.10.1918.

6 H. Phillips, **Black October: ...**, p. 165.

7 NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 18.06.1918. Tans is die hospitaal in

8 H.P. Maree, **Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke: 3 Oktober 1881 - 31 Desember 1996**, p. 96.


9 B. Rood, **Uit die Veldapteek**, pp. 90-91; Spaanse Griepepidemie (SGE), Monelinge mededeling, A. Makhate/S.J. Bester, 03-03-1996.

10 SGE, Mondelinge mededeling, D. Mokgosi/S.J. Bester, 22.01.1996.

11 SGE, Mondelinge mededeling, S.J. Bester, 01.03.1996.

12 Die griep is byvoorbeeld deur nies, hoes en praat van een persoon na 'n ander oorgedra. H. Phillips, " **Black October": ...** p. 127.

13 NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotule, Notule, 16.11.1917.




Die ligging van die nuwe lokasie/Lokasie Twee (**Bron**: Schweizer-Reneke Dorpsraad (SRD), N1/1:G.P. van Zyl)

wat daar in die lokasie geheers het. Dit is dus te begrype dat die Dorpsraad van Schweizer-Reneke die lokasie as 'n gesondheidsrisiko beskou het. 'n Groter lokasie verder weg van die dorp is in die vooruitsig gestel.[14] Met hiérdie gebaar het die Stadsraad by implikasie "lokasiestatus" vir die Plakkersgebied in die vooruitsig gestel.

## 2.2 DORPSONTWIKKELING KRY MOMENTUM

Die Spaanse griepepidemie was die wegwyser wat die infrastrukturele leemtes, rakende die lokasie, asook die swak toestande wat geheers het aan die Dorpsraad van Schweizer-Reneke uitgewys het. Dit het daartoe gelei dat die Dorpsraad van Schweizer-Reneke ná die epidemie die noodsaaklikheid van 'n nuwe lokasie raakgesien het.

Gedurende die eerste week van Februarie 1920 is Raadslid J.L. Goedhals deur die Raad afgevaardig om die Raad se wens dat daar 'n nuwe lokasie uitgelê moes word, met die Administrateur van Transvaal te bespreek.[15] Hierdie besoek was suksesvol in die sin dat die Administrateur laat blyk het dat hy so 'n versoek sou steun. Ongeveer 'n maand later het die Raad dan 'n skriftelike versoek vir die proklamering van 'n nuwe lokasie aan die owerheid gerig.

Van die redes wat aangegee is om die versoek te ondersteun, was dat die swart woongebied te klein was en dat die lokasie te na aan die dorp was. Daar was by die blanke Stadsraad 'n behoefte aan 'n groter lokasie wat verder weg van die dorp sou wees.[16]

Die besluit en versoek om 'n nuwe lokasie uit te lê, was egter 'n outokratiese optrede van die Dorpsraad van Schweizer-Reneke. Swart bewoners is nie in die saak geken nie. Hierdie houding en ingesteldheid van die Raad het die lokasie-inwoners gegrief.[17] Ironies genoeg het die Stadsraad, met hiérdie gesindheid presies dieselfde reaksie ontlok as wat die ZAR in Desember 1885 van die Koranna gewek het! (Kyk Hoofstuk Een.)

Die ligging van die voorgenome lokasie het waarskynlik verder bygedra tot die ongelukkigheid, aangesien die lokasie verder weg van die dorp sou wees (kyk p. 24). Die lokasievoorman, mnr. Edward Chinain, is geïgnoreer en skriftelike beswaar oor die voorgenome nuwe lokasie is direk by

---

14 NAB, MSR, 2/1/1: Brieweboeke, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Provinsiale sekretaris, Pretoria, 08.03.1920.

15 NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 04.02.1920.

16 NAB, Argief van die Direkteur van Plaaslike Bestuur (TPB), 176, TALG 507: Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Provinsiale sekretaris, Pretoria, 08.03.1920.

17 NAB, MSR 1/1/3: Dorpsraadnotules, Notule, 05.03.1920.

die Dorpsraad gemaak. Die beswaarmakers moes egter tevrede wees met die antwoord dat die saak nog net onder bespreking was.

Behalwe vir die inwoners se ontevredendheid met die voorgenome nuwe lokasie was daar 'n ander stok in die wiel wat die Dorpsraad se planne ten opsigte van die voorgenome nuwe lokasie belemmer het - die Dorpsraad se swak finansiële posisie.[18] Dit sou eers weer gedurende 1924 wees dat die Dorpsraad daadwerklik in die geleentheid was om die voorgenome lokasie sy beslag te gee. Die "verset" van die swart inwoners kan dus as voortydig beskou word aangesien die Raad in ieder geval nie die nodige fondse gehad het om tot aksie oor te gaan nie.

## 2.3 GEBREKKIGE TOEPASSING VAN WETGEWING

Intussen het die Regering met Wet 21 van 1923 gepoog om swart verstedeliking na die lokasies aan te spreek. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die instelling van Adviesrade in swart woongebiede. Die blanke Dorpsraad in wie se gebied 'n betrokke lokasie gevestig is, moes die Adviesraad raadpleeg oor bepaalde lokasieregulasies wat deur die Dorpsraad in die swart woongebied toegepas sou word. Kragtens hierdie wet moes daar ook 'n lokasiesuperintendent deur die Dorpsraad aangewys word. So persoon was die skakel tussen die Adviesraad en die Dorpsraad.[19]

Aangesien die lokasie by Schweizer-Reneke nog nie geproklameer was nie, is hierdie wet nie ten volle deur die Dorpsraad toegepas nie. Alhoewel daar nie 'n lokasiesuperintendent was nie, het die Stadsklerk van Schweizer-Reneke nie-amptelik die rol vervul. By gebrek aan tyd is die pos egter deur hom grootliks aan 'n junior klerk van die Dorpsraad oorgelaat.[20] Dit kan waarskynlik gesien word as 'n aanduiding van die mate waarin die belange en behoeftes van die swart inwoners deur die Dorpsraad as minder belangrik geag is.

Daar is ook nie 'n Adviesraad aangestel nie, en die ongewilde mnr. Chinian het nog steeds as lokasievoorman opgetree. As gevolg van die situasie ten opsigte van die swart plaaslike bestuurstruktuur het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke die Departement van Naturellesake laat weet dat hulle nie 'n afvaardiger na die jaarlikse Naturellekonferensie kon stuur nie.[21] Dit kan as 'n

---

18 M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, p. 50.
19 J.J.N. Cloete, **Sentrale, regionale en plaaslike owerheidsinstellings van Suid-Afrika**, p. 233.
20 H.P. Maree, **Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke ...**, p. 106.
21 NAB, MSR 2/1/2: Brieweboeke, Sekretaris van Naturellesake, Pretoria/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 15.05.1925.

terugslag vir die lokasie-inwoners beskou word, aangesien dit 'n gerieflike forum en gulde geleentheid sou kon gewees het om hulle griewe op die tafel te plaas.

## 2.4 AMPTELIKE LOKASIE KRY BESLAG

Ongeag die bestuurstrukture wat nie volledig in die lokasie toegepas is nie, die swart inwoners se teenkanting ten opsigte van die voorgenome nuwe swart woongebied en finansiële probleme, het die Dorpsraad tog weer vroeg in 1924 aansoek gedoen om die uitlê van 'n nuwe Lokasie.[22] Die Dorpsraad van Schweizer-Reneke is skriftelik deur die Departement van Naturellesake versoek om 'n sketsplan en kaart van die voorgenome lokasie te verskaf. (Kyk p. 14 vir kaart van die ligging van die lokasie). Daar is aan die versoek voldoen en die aangevraagde dokumente is aan die Provinsiale Sekretaris deurgegee.[23]

Daar is ook deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke bepaal dat die nuwe lokasie van nagenoeg 20 morge[24] op 'n ander stuk grond uitgelê moes word, aangesien die bestaande woongebied nie verder uitgebrei kon word nie. Volgens die Dorpsraad was die bestaande plakkerskamp te klein om as amptelike lokasie geproklameer te word, en te na aan die blanke woongebied.

Ter voorbereiding van die nuwe swart dorp is daar ook deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke onderneem om voorsiening te maak vir water in die nuwe lokasie. Die putstelsel vir sanitasie sou ook in die lokasie ingestel word.

Die Sekretaris van Naturellesake is ook deur die Dorpsraad verseker dat die bestaande plakkerswoongebied nie gesluit sou word nie. Daar sou dus twee woongebiede wees en geen gedwonge verskuiwing nie. Derhalwe sou dit nie nodig wees dat kompensasie aan die inwoners te betaal word nie.[25]

Vroeg in 1926 het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke die landmeter, mnr. Sedgwick Cameron, aangestel om die uitleg en opmeting van die nuwe lokasie te behartig.[26] Nadat die voorgestelde grondgebied in September 1926 deur die Minister van Natulellesake goedgekeur was, kon Cameron

---

22 NAB, MSR 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 09.01.1924.

23 NAB, MSR, 2/1/2: Brieweboeke, Provinsiale Sekretaris, Pretoria/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 29.07.1925.

24 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 08.12.1925.

25 NAB, MSR, 2/1/2: Brieweboeke, Sekretaris van Naturellesake, Pretoria/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 10.12.1925.

26 Cameron het 100 pond vir sy dienste ontvang. Hierdie betaling sou deur afbetaling geskied. Volgens die afbetalingsooreenkoms sou hy 25 pond elke drie maande ontvang totdat die volle bedrag vereffen was. NAB, MSR, 2/1/2: Brieweboeke, S. Cameron/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 20.01.1926.

in alle erns met sy werk voortgaan.[27] Cameron se voorbereiding vir die opdrag het egter nie sonder probleme verloop nie. Hy het agtergekom dat die dorp nie in die regte posisie op die kaart aangetoon was nie, en die tegniese fout moes eers reggestel word.[28]

Gedurende 1927 is die nuwe woongebied uiteindelik deur Cameron uitgelê - ongeveer 1,6 km wes van die dorp aan die suidekant van die Amalia-pad.[29] Toe die eerste inwoners die nuwe lokasie betrek, was daar ongeveer 'n honderd afgemete standplase. Om verwarring te voorkom, het die bestaande woongebied spontaan bekend geword as Lokasie Een en die nuwe een amptelik as Lokasie Twee.[30]

### 2.4.1 Verspreidingsproses versnel

Alhoewel daar nie 'n skielike volskaalse verskuiwing vanaf Lokasie Een na Lokasie Twee plaasgevind het nie, wou die Dorpsraad van Schweizer-Reneke verseker dat die nuwe woongebied die groeipunt van swart dorpsontwikkeling sou wees. So byvoorbeeld het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke na die uitleg van die swart woongebied nie nuwe intrekkers in die Lokasie Een toegelaat nie - hulle moes in lokasie Twee 'n erf huur.[31]

Verder is die inwoners na die nuwe woongebied verskuif na uitsetting as gevolg van byvoorbeeld onbetaalde huur. As 'n eienaar van 'n standplaas in Lokasie Een sou sterf, is die familie na die nuwe woongebied verskuif, waar 'n nuwe standplaas aan hulle toegeken is.

Daar was dus 'n meer spontane verskuiwing waarin die Dorpsraad nie heeltemal onsimpatiek teenoor die inwoners se omstandighede gestaan het nie, maar waarin daar in 'n groot mate 'n subtiele proses van verskuiwing by betrokke was (kyk p. 24). Hierdie proses van verskuiwing en hervestiging het egter langer geduur as wat die Dorpsraad waarskynlik gehoop het. So was daar gedurende 1939 nog honderd-en-elf huise in Lokasie Een wat beset was, terwyl daar vier-en-negentig bewoonde standplase in Lokasie Twee was.[32]

---

27 NAB, MSR, 1/1/4; Dorpsraadnotules, Notule, 19.10.1926.
28 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 22.03.1927.
29 H.P. Maree, **Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke ...**, p. 106.
30 Schweizer-Reneke Dorpsraad (SRD), Mondelinge mededeling, H. Oertel, voormalige Raadslid/S.J. Bester, 06.06.1995.
31 NAB, MSR, 2/1/2: Brieweboeke, Jors Siam, Schweizer-Reneke/Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 24.03.1927.
32 M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, p. 59.

In 'n verdere poging om die verskuiwingsproses te versnel, is Lokasie Een amptelik as lokasie geproklameer.[33] Lokasie Een het ook lokasiestatus ontvang. Dit het beteken dat die lokasieregulasies (kyk afdeling 2.4.3) van Lokasie Twee ook nou in Lokasie Een toegepas kon word. Lewenskoste in Lokasie Een was dus nie meer goedkoper as in Lokasie Twee nie. Lokasie Een het dus hiermee volwaardige lokasiestatus ontvang.

Vanaf 1940 het die dienste wat in Lokasie Een gelewer is (kyk afdeling 2.5) gestagneer, terwyl dié in Lokasie Twee onderhou en uitgebrei is. Dit het meegebring dat die Lokasie Een-inwoners op subtiele wyse gedwing is om na Lokasie Twee te verhuis.

### 2.4.2 ICU[34] - 'n "Helpende hand" aan die lokasie-inwoners

Twee jaar nadat Lokasie Twee uitgelê was en daar met die verskuiwing begin is, was die ICU (Industrial and Commercial Workers Union of Africa), wat die belangrike swart organisasie in die 1920s was, baie aktief in Schweizer-Reneke en omstreke. Daar is namens die inwoners deur die ICU met die Dorpsraad van Schweizer-Reneke onderhandel oor sake soos agterstallige huurgeld. Dit was dan ook as gevolg van huurgeldnood dat Sarah Koloi haar tot die ICU gewend het. Nadat haar probleem skriftelik by die Dorpsraad bepleit is, het die Raad egter besluit dat sy die volle verskuldigde bedrag moes betaal.[35]

Verskeie onsuksesvolle versoeke ten opsigte van die brou van bier is deur die swart inwoners aan die Dorpsraad gestuur. Nadat hulle die saak met die ICU opgeneem het, het die organisasie die inwoners se versoeke weer aan die Dorpsraad gestel. Die Dorpsraad het daartoe ingestem en lokasieregulasies aangeneem waarvolgens permitte vir die brou van bier teen gelde van een pond uitgeneem kon word.[36]

Daar is ook nie deur die ICU-tak van Schweizer-Reneke geskroom om klagtes teen die polisie aanhangig te maak nie. Die grootste getal klagtes en griewe het gehandel oor arrestasies van

---

33 Goewerment Kennisgewing no. 1960, 06.12.1940.

34 Die ICU het sy ontstaan in 1918 gehad met Clements Kadalie as stigter. Hy was 'n Njassalander wat net Engels gepraat het en geen swart taal nie. Die organisasie was aan die begin 'n vakbond vir swart dokwerkers. Dit het egter vinnig as politieke organisasie gegroei. 'n Koerant, **The Worker's Herald**, is ook uitgegee. Swart politieke bewustheid en die regte van die swart mense was van die sake waarvoor die organisasie hom beywer het. Dit was veral op die platteland dat die ICU hom toegespits het. M.A. du Toit, **South African trade unions, history, legislations, policy**, pp. 34-36.

35 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 26.09.1929.

36 NAB, MSR, Dorpsraadnotules, Notule, 08.08.1929.

inwoners ten opsigte van oortreding van die paswet[37] en vermeende ontwrigting van ICU-vergaderings. Die ICU het ook swart werkers se klagtes en probleme met die behandeling wat hulle ontvang het van die blanke boere by wie hulle werksaam was, namens hulle opgeneem. So het Brown Cinai die ICU genader om sy saak teen sy gewese werkgewer, ene Gert Pretorius, te behartig. 'n Ander werker, Piet Mateba, het ook die ICU om hulp genader. Hy het gevoel dat hy nie volgens kontrak deur mnr. Jan van Heerden vergoed is vir 'n kraal wat hy opgerig het nie.[38] Al het die organisasie gemengde suksesse met die sake behaal, het die swart werkers in 'n groter mate van hul regte bewus geword. Die Dorpsraad het ook deeglik kennis geneem van die inwoners se gevoelens en sienings. Alhoewel daar nie klinkklare bewyse gevind kan word dat die ICU die swart inwoners ten opsigte van die verskuiwingsproses gemobiliseer het nie, het die aktiwiteite van die organisasie waarskynlik bygedra tot die gevoel van negatiwiteit teenoor die verskuiwing.

Net soos die paswette het die lokasieregulasies dikwels tot ontevredenheid onder die swart mense bygedra. Daar was egter regulasies wat tot verbeterde dienste gelei het, byvoorbeeld dié ten opsigte van watervoorsiening en sanitasie.

### 2.4.3 Lokasieregulasies in plek gestel

Met Lokasie Twee uitgelê is die lokasieregulasies wat op 7 September 1927 deur die Transvaalse administrateur goedgekeur is, daar toegepas.[39] As gevolg van die ongunstige finansiële stand van die Dorpsraad is al die regulasies egter nie dadelik in die nuwe swart woongebied toegepas nie. Dit was dan ook waarskynlik die rede waarom regulasies ten opsigte van die betaling van erf(standplaas)-lisensies wel deur die Dorpsraad toegepas is. Verder was daar ook weidings- en hondelisensies wat deur die swart inwoners betaal moes word. So kon broodnodige fondse geïn word.

Nog regulasies wat streng toegepas is, was die bouregulasies vir die oprigting van wooneenhede. Hierdie regulasies het inwoners verhinder om met afvalmateriaal op enige plek in Lokasie Twee te

---

37 Volgens hierdie wette is swartes se vryheid van beweging beperk deurdat hulle passe moes dra as hulle van een plek na 'n ander reis. Swart organisasies soos die ICU het verset teen die wet gepropageer. T. Cameron en B. Spies (reds.), **Nuwe geskiedenis van Suid- Afrika in woord en beeld**, p. 234; NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadsnotules, Notule 26.09.1929; NAB, MSR, Dorpsraadsnotules, Notule, 08.08.1929.

38 NAB, JUS, 517, 1897/29: Distrikskommandant, Potchefstroom/Suid-Afrikaanse Polisie, Schweizer-Reneke, 22.05.1929.

39 Unie van Suid-Afrika, Goewermentskennisgewing nommer 1960, 06.12.1940.

bou.[40] Die koste om boustrukture in Lokasie Een op te rig was dus goedkoper en kan as 'n rede beskou word waarom die inwoners nie so geredelik na Lokasie Twee wou trek nie.

Die lokasieregulasie ten opsigte van vee en weiding was ook onpopulêr by die lokasie-inwoners. Reeds gedurende 1919 - 'n jaar na die Spaanse Griepepidemie - het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke besluit dat geen inwoner meer as vyftig stuks grootvee en driehonderd stuks kleinvee sonder spesiale vergunning mag aanhou nie.[41] Aan die begin van 1921 is die getal verminder na twintig stuks grootvee en tweehonderd stuks kleinvee.[42] Die veegetalle is in 1930 verder drasties tot vyf stuks groot vee en tien klein vee beperk. Daar is ook deur die Dorpsraad bepaal dat die vee in die gemeenskaplike weikamp moes wei. Ontevredenheid ten opsigte van die vee- en weidingsregulasies vanuit lokasiegeledere was waarskynlik as gevolg van die feit dat vee nie net melk en vleis aan die eienaar verskaf het nie, maar dit was ook 'n bron van inkomste. Die gemeenskaplike weikamp kon ook diefstal in die hand werk, wat verdere probleme veroorsaak het.

Lokasie-inwoners het skriftelik beswaar gemaak by die Dorpsraad van Schweizer-Reneke. Die Dorpsraad se mening oor die saak was egter dat dorpsgrond nie gebruik kon word om op te boer nie en dit in die inwoners se belang was dat die vee verminder word.[43]

## 2.5 UITBREIDING VAN BASIESE DIENSTE

Ongeag die ontevredenheid wat geheers het rakende die lokasieregulasies, het die Dorpsraad met sy beplanning vir beter dienste voortgegaan. Daar is aan die volgende aandag gegee:

- ***Watervoorsiening***

Daar is ook in die lokasieregulasies voorsiening gemaak vir die verskaffing van water aan Lokasie Twee. Hierdie diens sou egter nie dadelik aandag kry nie. Dit was eers aan die einde van 1929 dat die nuwe lokasie 'n boorgat met 'n windpomp gekry het - sowat 180 meter buite die lokasie.[44] Beide lokasies het dus nou 'n waterbron gehad.

Aangesien die windpomp in Lokasie Een hoë instandhouding geverg het, is die watertenks en windpomp in 1942 verwyder. Vermoedelik is 'n handpomp in die plek daarvan opgerig. Die

---

[40] NAB, TPB, 176, TALG 2/507: Administrateurskennisgewing nommer 501, Munisipaliteit van Schweizer-Reneke, Lokasieregulasies, 07.09.1927.
[41] NAB, MSR, Dorpsraadnotules, Notule, 09.09.1919.
[42] NAB, MSR, 1/1/3: Dorpsraadnotule, Notule, 11.01.1921.
[43] NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 31.03.1930.
[44] NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 24.11.1929.

stukkende windpomp in Lokasie Twee is ook aan die einde van 1943 deur 'n handpomp vervang.[45] Om dienste in stand te hou, was noodsaaklik vir die Dorpsraad van Schweizer-Reneke, want die inwoners was afhanklik daarvan.

- ***Sanitasiediens***

Nog 'n diens wat deur die lokasieregulasies in die vooruitsig gestel is maar ook nie gou gerealiseer het nie, was dié van sanitasie. Gedurende 1931 is die twee swart woongebiede deur 'n provinsiale gesondheidsbeampte, mnr. F.W.P. Cluver, besoek. In sy inspeksieverslae het hy sekere aanbevelings gemaak, soos onder andere die totstandbrenging van sanitasiefasiliteite.

Vyf geboue vir gemeenskaplike sanitasiegeriewe is spoedig na hierdie inspeksie vir die swart inwoners deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke opgerig. Drie was in Lokasie Een, terwyl die nuwe woongebied met twee tevrede moes wees. 'n Sanitasiediens is ook ingestel en die lokasie-inwoners het net soos die blankes diensgeld betaal.[46]

- ***Kerkontwikkeling***


Intussen het ontwikkeling op kerklike gebied ook nie agtergebly nie. In Lokasie Een is daar reeds voor 1922 'n sendingkerk opgerig, en Eerwaarde Matawi is opgevolg deur 'n kollega, Andreas Palweni. Laasgenoemde was al 'n tyd lank in die swart woongebied werksaam voordat hy sy intreepreek gedurende 1925 in die sendingkerkie gelewer het.

**Eerwaarde Palweni**

Palweni het Johannes 10:16 se woorde "Ek het nog ander skape, wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een Herder" gebruik vir sy intreepreek. Dit is van toepassing gemaak op die blankes en swartes. Die preek is vir die blankes wat teenwoordig was getolk.

Na sy afsterwe gedurende 1934 is hy langs die kerk begrawe. Op sy grafsteen staan daar in Sotho: My Woord sal nie ledig na my terugkeer nie - 'n getuie van die gesindheid waarmee hy sy roeping vervul het.

(Bron: H.P. Maree, **Die ou pad**, p. 69.)



Die graf van Eerwaarde A.M. Palweni is langs die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Ipelegeng
(**Bron:** Me. S.J. Bester)

45 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 07.17.1943.

46 NAB, TPB, 1654, TALG 58/13487: Report on systematic inspection of health and sanitary conditions within the area of the Schweizer-Reneke Village Council ... 04.08.1931, pp. 1-3 en 5-6; NAB, TPB 176, TALG 507: Report: inspection of Sceweizer-Reneke location on 18th and 20th February 1939, 04.03.1939, pp. 4-7 en 9-11; M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, p. 60.

In Junie 1922 het die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG-Kerk) van Schweizer-Reneke 'n Sendingkommissie gekies. Hierdie kommissie het aanvanklik uit vier lede bestaan.[47] Hulle het gereeld vir skenkings soos klere en kontant gekollekteer. So kon hulle byvoorbeeld die swart evangeliste se salarisse betaal.


**Eerste sendingkommissie**

Die lede van die eerste sendingkommissie was J. Fourie, R.W. van Zyl, J. Olivier en J.L. du Preez.

(Bron: H.P. Maree, **Die ou pad**, p. 63.)

Om fondse vir 'n kerk in die voorgenome nuwe lokasie in te samel, was 'n groot prioriteit van die Sendingkommissie. Hiermee was die kommissie egter nie so voorspoedig as wat gehoop is nie, en die bydraes het drupsgewys ingekom. Teen Oktober 1933 was die fonds maar R120 (£60) sterk.[48] Daar is by verskeie organisasies soos die Vrouesendingverenging, Mannesendingbond en Kinderkrans vir skenkings aangeklop, terwyl skole in die omgewing ook vir donasies genader is. Eerwaarde Palweni het ook onder die lokasie-inwoners vir die boufonds gekollekteer.[49] Toe daar gedurende Junie 1934 besluit is om tenders vir die bou van die kerk te vra, het die Kommissie £70 krediet gehad, en daar is dankbaar gebruik gemaak van mnr. A.P. Cronje se goedhartige skenking van £84.[50]

Daar is ook op vindingryke wyse probeer om soveel moontlik te bespaar. So is die preekstoel uit beskikbare vloerplanke gemaak, en 'n groot aantal stene wat vir die bou van die kerk gebruik kon word, is deur helpers self gebrand.[51] Met vele hande wat dus die werk ligter gemaak het, is die kerkgebou in 1935 voltooi.



Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Ipelegeng (**Bron:** Me. S.J. Bester)

47 H.P. Maree, **Die ou pad**, pp. 63, 69.

48 Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie, Notule, 18.10.1933.

49 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie,14.02.1934.

50 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van plaaslike sendingkommissie, Notule, 23.06.1934.

51 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van plaaslike sendingkommissie, Notules, 10.03.1934 en 10.10.1934.

Na die afsterwe van Palweni op 19 September 1934 is Eerwaarde A. Efonis tydelik aangestel. Die sendingkommissie het nominasies vir 'n geskikte sendingprediker ondersoek, en na vele oorweging is Eerwaarde M.L. Maile gedurende 1936 na die sendinggemeente by Schweizer-Reneke beroep.[52]

Eerwaarde Maile het na ongeveer twee jaar se bediening egter 'n ander beroep gekry, en die pos moes so spoedig moontlik gevul word.[53] Dit was egter makliker gesê as gedaan.

Dit was eers na verskeie ander onsuksesvolle beroepe dat die sendingkommissie van die NG-kerk Schweizer-Reneke die dienste van Eerwaarde S. Thakanyane as prediker bekom het. Hy het ook as konsulent vir Delareyville en Bloemhof gedien.[54] Hierdie reëling was op finansiële vlak baie voordelig, aangesien die gemeentes saam tot die salaris van die evangelis bygedra het.


Die sendingkommissie het ook basaars in samewerking met die evangeliste in Lokasie Twee beplan en met Kersfees was daar "'n klein traktasie" vir die kerk se kinders gereël.[55] Lede van die sendingkommissie het ook dienste in Lokasie Twee waargeneem as die prediker om een of ander rede nie beskikbaar was nie.[56]

Alhoewel die NG-kerk waarskynlik die grootste aanhang onder die swart inwoners gehad het, was ander kerkgenootskappe ook in die twee lokasies verteenwoordig. Reeds vanaf 1919 het die London Mission ook in die swart woongebied gearbei.[57]


Teen die helfte van 1928 het Eerwaarde A.S. Geega van die Wesleyaanse Kerk by die Dorpsraad van Schweizer-Reneke aansoek gedoen om 'n standplaas in Lokasie Twee.[58] Gedurende Augustus van dieselfde jaar het J.A. Moruane namens die Bethel Kerk ook 'n standplaas bekom.[59]

---

52 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie, Notules, 29.10.1934 en 09.03.1936.
53 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommisie, Notule, 26.04.1938.
54 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie, Notule, 12.09.1939.
55 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie, Notule, 06.12.1938.
56 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie, Notule, 29.10.1934 en 09.03.1936.
57 London Mission (LM), Mondelinge mededeling, London Mission prediker, Wolmaransstad/S.J. Bester, 08.04.1996.
58 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 21.06.1928.
59 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 09.08.1928.



Die Wesleyaanse Kerk in Ipelegeng (1997) (Bron: Me. S.J. Bester)



Hoeksteen van die Wesleyaanse Kerk (Bron: Me. S.J. Bester)

Die African Methodist Episcopal Church (AME) het vroeg in die 1930s sy bediening van Gods Woord aan die swart inwoners van Schweizer-Reneke begin. In Augustus 1942 het die Bechuana Methodist Kerk ook om 'n perseel by die Dorpsraad aansoek gedoen. Die Raad wou egter eers seker maak dat die kerk wel erkenning by die Departement van Naturellesake geniet het voordat toestemming verleen is.[60]

- ***Kerkskole***

Nadat die sendingkerk gedurende 1935 in Lokasie Twee voltooi is, het die kerk die voortou op die gebied van swart onderwys by Schweizer-Reneke geneem. In die klasse wat in die kerkgebou gehou is, is net drie vakke aangebied. Dit was Engels, die moedertaal (wat waarskynlik Tswana

---

60 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 21.09.1942.

was) en skrif. Hierdie eerste skool het 93 leerlinge en drie onderwysers gehad. Daar was die hoof mnr. D. Mzinyati, en twee kollegas.

Die AME-Kerk het die NG-Kerk se voorbeeld gevolg en ook kerkskole gestig. Gedurende 1937 het die St. Phillip-skool van die AME-Kerk met die NG-Kerkskool saamgesmelt en die Schweizer-Reneke Amalgamated Native School gevorm.[61]

Onderwysposte by die skool is deur die Kerkraad van die blanke NG-Kerk van Schweizer-Reneke behartig en beheer. Nadat daar byvoorbeeld 'n onderwyspos vakant geraak het, is mnr. S.P. Boitang aan die einde van 1938 in die pos aangestel.[62]

Die blanke gemeente was ook aktief betrokke by die insameling van die nodige fondse vir die salarisse van die onderwysers betrokke, en ene mnr. A.P. Cronjé is herhaaldelik versoek om vas te stel watter persone wat bydraes belowe het nog nie hulle beloofde bydraes gelewer het nie.[63]

So het die onderwysontwikkeling in die swart woongebied voortgespruit uit die kerklike aktiwiteite. Kerk en skool se paaie het dus, veral aan die begin, hier saamgeloop en blanke betrokkenheid was ook sterk sigbaar.

- ***Mediese Voorsiening***

Die voortdurende swak finansiële posisie van die Dorpsraad van Schweizer-Reneke het ook dikwels veroorsaak dat belangrike dienste eenvoudig nie sonder die hulp van ander organisasies gebied kon word nie. So kon die Dorpsraad in April 1944 net 'n derde van die uitgawes vir 'n opgeleide vroedvrou in Lokasie Twee bydra. Die res van die geld het van die Vrouesendingvereniging en die Rooikruis gekom.[64] Aangesien 'n kliniek eers in 1952 opgerig sou word, was die dienste wat die vroedvrou gelewer het die enigste amptelike gesondheidsdiens wat in Lokasie Twee gelewer is.

- ***Plaaslike bestuur***

Teen die helfte van 1929 het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke die amptelike aanstelling van 'n Lokasiesuperintendent goedgekeur. Dit was egter nie 'n voltydse pos nie.

Die Raad het die pos van Stadsklerk uitgebrei tot dié van Lokasiesuperintendent én Skutmeester.[65]

---

61 Kolong Skool (KS), Ipelegeng, Inskrywings in Logboek, 04.07.1937.
62 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie, Notule, 31.09.1938.
63 NGK, Schweizer-Reneke, Notuleboek van die plaaslike sendingkommissie, Notules, 16.08.1939; 21.08.1939.
64 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 26.04.1944.
65 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 06.07.1929.

Dit het beteken dat alle administratiewe en bestuursake rakende die lokasies deur hom behartig is, en dat daar nie eksklusief 'n Lokasiesuperintendentpos geskep is nie. Hierdie reëling was finansieel tot voordeel van die Dorpsraad, aangesien daar nie 'n bykomende salaris vir 'n Lokasiesuperintendent betaal hoef te word nie.

In verband met 'n Adviesraad was dit die lokasie-inwoners self wat die eerste daadwerklike skuif gemaak het. Gedurende April 1929 het die Lokasievoorman, mnr. E. Chinain, die Dorpsraad van Schweizer-Reneke verwittig dat daar een Adviesraad vir beide lokasies gekies is.[66] Omdat dit gedoen was sonder dat die Dorpsraad in die saak geken is, is die hele saak deur die Dorpsraad as onwettig beskou.

Hierdie toedrag van sake het groot ontevredenheid onder die lokasie-inwoners veroorsaak, en hulle het geweier om Adviesraadslede te nomineer waaruit die Dorpsraad 'n Adviesraad kon aanstel. Hulle het waarskynlik gevoel dat dit tog nie werklik saak maak wie hulle benoem nie, want die Adviesraad word tog deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke aangestel.

Hierdie wedersydse hardnekkigheid het die Dorpsraad outokraties laat optree. Daar is gedurende 1930 by die Departement van Naturellesake aansoek gedoen om self 'n Adviesraad vir die lokasies aan te stel, aangesien die inwoners nie lede wil nomineer nie.[67] Alhoewel hierdie versoek toegestaan is, het die aanstelling van 'n Adviesraad 'n netelige kwessie gebly en die aanstelling van so 'n Raad sou eers later plaasvind (kyk afdeling 3.1).

Teen die middel van 1944 het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke besluit om 'n voltydse Lokasiesuperintendent aan te stel. 'n Adviesraad is ook in die vooruitsig gestel.[68]

Mnr. P.S. Lubbe is in Desember 1944 as Lokasiesuperintendent aangestel.[69] Hy moes die administrasie van die lokasies behartig en was aan die Dorpsraad verantwoordelik. Met ander woorde, daar was nou vir die eerste keer 'n persoon met die lokasies as uitsluitlike pligsterrein aangestel.

## 2.6 INSTROMINGSBEHEER[70]

In die vroeë 1940s was daar 'n instroming vanaf omliggende plase en dorpe. Waarskynlik was die

---

66 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 05.04.1929.
67 NAB, MSR, 1/1/4: Dorpsraadnotules, Notule, 13.03.1930.
68 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 25.05.1944.
69 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 08.12.1944.
70 Dit was 'n stelsel wat deur die regering ingestel is om die beweging van swartmense na dorpe en stede te beperk. Hierdie stelsel is egter vanaf 1986 afgestel, sodat almal in die stad kon werk of woon. W. Metz, **Alles oor Suid-Afrika**, p. 66.

moontlikheid van werksgeleenthede en beter lewensomstandighede die dryfveer. Die instroming het egter werkloosheid en leeglêery in die hand gewerk.

Om die instromingsbeheer te hanteer het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke in September 1942 'n Lokasieregulasie aanvaar waarvolgens net swart werkers wat in blankes se diens was woonpermitte gekry het.[71] Teen die middel van 1944 is die regulasie verder uitgebrei. Dit het daarop neergekom dat alle standplaashouers en persone bo 18 jaar in die dorp moes werk. 'n Werksbewys moes ook aan die einde van elke maand getoon word, wanneer huurgeld betaal is.[72] Hiermee het die Dorpsraad nie net die werkloosheidprobleem verminder nie, maar het dit daartoe gelei dat daar groter beheer oor die lokasie-inwoners uitgeoefen kon word.

Ten spyte van die instromingsbeheer was die inwonertal tussen 1 091 en 1 290. Dit het nie die getal inwoners ingesluit wat op nie-permanentebasis in die lokasie gewoon het nie.[73]

## 2.7 NUWE BESTUURSTRUKTUUR - GROTER SELFSTANDIGHEID

Hoewel die Groot Griepepidemie die gebeurtenis was wat die Dorpsraad genoop het om met "nuwe oë" na die swart dorpsontwikkeling te kyk, het dit nie beteken dat die ontwikkeling vinnig en drasties was nie. Konflik en vertragings as gevolg van die Dorpsraad van Schweizer-Reneke se ongunstige finansiële posisie was struikelblokke op die pad van die dorpsontwikkeling.

Die Dorpsraad het met die beperkte fondse wat deur onder andere huurgeld en dienstegeld verkry is dienste soos watervoorsiening, sanitasie en mediese hulp verskaf en dit onderhou. Verder het die skole en kerke 'n belangrike deel van die infrastrukturele ontwikkeling in veral Lokasie Twee gevorm.

Met die aanstelling van die eerste voltydse Lokasiesuperintendent is die bestuurstruktuur van die lokasies by Schweizer-Reneke op 'n meer stabiele grondslag geplaas. Saam met die ontwikkelende infrastruktuur het dit 'n basis vir verdere dorpsontwikkeling geskep. Hoofstuk drie plaas die klem op laasgenoemde, asook die weg wat dorpsontwikkeling gebaan het vir groter selfstandigheid van Lokasie Twee.

---

71 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 21.09.1942.

72 Schweizer-Reneke (SR), Mondelinge mededeling, H. Oertel/S.J. Bester, 23.02.1995.

73 Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, **Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika 1904 tot 1960**, Verslag no. 02-02-02, pp. 92, 96, 101, 105, 190, 196, 202, 208.